

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Laubscher (483/85) [1987] ZASCA 122; [1988] 1 All SA 378 (A) (30 September 1987)

[1987] ZASCA 122

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Botha, Nestadt

CASE / FILE NUMBER

483/85

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saaknommer: 483/85

WHN

STUART BOBBY LAUBSCHER Appellant

en

DIE STAAT Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÉLAFDELING

Insake die appel van:

DIE STAAT Respondent

Coram: JOUBERT, BOTHA et NESTADT ARR

Verhoor: 17 September 1987

Gelewer: 30 September 1987

JOUBERT, AR. :

/Op

2Op 10 Junie 1985 is die appellant in die Queens= town Rondgaande Plaaslike Afdeling aangekla van raoord op sy skoonvader Petrus Hendrik van Rooyen wat hy op Maandag 9 Julie 1984 op die plaas Witfontein in die distrik van Woodhouse vermoor het (aanklag 1). Hy is ook daarvan aangekla dat hy op dieselfde tyd en plek gepoog het om sy skoonmoeder Maria Elizabeth van

Rooyen, sy skoonsuster Maria Elizabeth van Rooyen, sy eggenote Anna Cecilia Laubscher (gebore van Rooyen) en sy seun Stuart Adolf Laubscher te vermoor (aanklagte 2,3,4 en 5 respektiewelik). Hy is verhoor deur JENNETT R en twee assessore. Hy het onskuldig gepleit op al die

/aanklagte....

3aanklagte. Op 30 Julie 1985 is hy op aanklag 1 skuldig bevind aan moord met versagtende omstandighede. Hy is ook skuldig bevind op aanklagte 2,3,4 en 5,. Op 31 Julie 1985 is hy op aanklag 1 'n vonnis van 6 jaar gevangenisstraf opgelê. Aanklagte 2,3,4 en 5 is saamgevat vir doeleindes van vonnis en daarop is hy 4 jaar gevangenisstraf opgelê wat met die vonnis van 6 jaar op aanklag 1 saamloop. Met verlof van die Verhoorregter kom hy tans in hoër beroep na hierdie Hof teen sy skuldigbevindings en vonnisse.

By die aanvang van die verhoor het die appellant die aard van sy verweer in die pleitverduideliking

/volgens

4

volgens art 115 van die Strafproseswet No 51 van 1977 soos volg uiteengesit :

"2. Dit is die grondslag van my verweer

tot al die ten laste gelegde misdrywe dat gedurende die tydperk wat die be= weerde misdrywe gepleeg sou gewees het, ek nie willekeurig gehandel het nie en derhalwe nie strafregtelik toerekenbaar was nie.

3. My gesegde ontoerekeningsvatbaarheid was tydelik van aard en is nie aan enige permanente of tydelike geestes= ongesteldheid of- gebrek (soos in artikels 77 en 78 van die Strafproses= wet bedoel) toe te skryf nie."

Die appellant het derhalwe sy tydelike ontoerekeningsvat= baarheid ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade in geskil geplaas. Tydens die verhoor het dit uit die

/psigiatrise

5

psigiatriese en klinies-sielkundige getuienis duidelik geword dat sy verweer van tydelike ontoerekeningsvat= baarheid toegeskryf moes word aan totale sielkundige ineenstorting of persoonlikheidsdisintegrasie of geestelike verbrokkeling van 'n tydelike aard (wat nie aan 'n geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek toe te skryf is nie) sodat hy onbewustelik en/of sonder wilsbeheer gehandel het. Dit draai dus om die appellant se geestesvermoë oë geestestoestand ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade.

Dit is doenlik om kortliks te let op die plek van die appellant se verweer in ons strafreg. Om

/strafregtelik ..

6 strafregtelik aanspreeklik te wees, moet 'n dader o.a ten tyde van die pleeg van die beweerde misdaad toe= rekeningsvatbaar wees. Toerekeningsvatbaarheid is derhalwe 'n voorvereiste vir strafregtelike aanspreek= likheid. Die leerstuk van toerekeningsvatbaarheid is 'n selfstandige onderafdeling van die skuldleer, volgens de Wet en Swanepoel, Strafrege, 4 e uitgawe p 110. Om toerekeningsvatbaar te wees, moet 'n dader se geestesvermoëns of psigiese gesteldheid sodanig wees dat hy regtens vir sy gedrag geblameer kan word. Die erkende psigologiese kenmerke van toerekeningsvatbaarheid is :

/1. Die ..

71. Die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Die dader het die onderskeidingsvermoë om die regmatig= heid of onregmatigheid van sy handeling in te sien. Met ander woorde, hy het die vermoë om te besef dat

hy wederregtelik optree.

2. Die vermoë om ooreenkomstig daardie onderskeidingsvermoë

te handel deurdat hy die weerstandskrag (wilsbeheervermoë) het om die ver=

soeking om wederregtelik te handel, te weerstaan. Met ander woorde, hy het die vermoë tot vrye keuse om reg= matig of onregmatig te handel, onderworpe aan sy wil. Ontbreek een van hierdie twee psigologiese kenmerke dan is die dader ontoerekeningsvatbaar, bv. waar hy nie die

/onderskeidingsvermoë.....

8

onderskeidingsvermoë het om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef nie. Insgelyks is die dader ten spyte daarvan dat hy wel die onderskeidingsvermoë het tog ontoerekeningsvatbaar waar sy geestesvermoë sodanig is dat hy nie die weerstandskrag het nie. Raadpleeg dr D Wiersma , Over Toekeningsvatbaarheid, 1932, p 29-32; Snyman, Strafrege, 2 e uitgawe, p 172 -175; S v Campher, 1987(1) SA 940 (A) op p 955 E-F, 956 A-B. In art 78(1) van die Strafproseswet No 51 van 1977 reël die wetgewer ontoerekeningsvatbaarheid soos volg:

/"Iemand

9

"Iemand wat 'n handeling verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting aan 'n geestesongesteldheid- of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dát hy nie oor die vermoë beskik -

(a) om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef nie; of (b) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy handeling op te tree nie,

is nie vir so 'n handeling strafregtelik toerekenbaar nie."

(My onderstreping).

Die twee kriteria wat die wetgewer in art 78(1) (a) en (b) in die alternatief stel, is onderskeidingsvermoë en weerstandskrag waar die betrokke persoon aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly ten tyde van die verrigting van die betrokke handeling.

/Weliswaar

10

Weliswaar gee Wet No 51 van 1977 geen omskrywing van die begrippe "geestesongesteldheid" of "geestesgebrek" nie maar dit word in die regspraak aanvaar dat dit op 'n sieklike of patologiese versteuring van die geestes= vermoens betrekking het wat van 'n permanente of tydelike aard kan wees. Raadpleeg S v Mahlinza, 1967(1) SA 408 (A) op p 417 D-E, S v Campher, supra p 954 C-F, p 965 D-F, Snyman op cit. p 171. Ons kan dit gerieflikheidshalwe statutêre ontoerekeningsvatbaarheid noem.

Afgesien van statutêre ontoerekenings=

vatbaarheid kan 'n mens ook nie-patologiese ontoerekenings= vatbaarheid van 'n tydelike aard ten tyde van die pleeg van

/die

11

die misdaad kry wat aan 'n nie-patologiese toestand, d.w.s. nie aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek in die vorm van 'n patologiese versteuring van sy geestes= vermoëns toe te skryf is nie, te wyte sodat hy nie die onderskeidingsvermoë óf die weerstandskrag (wils= beheervermoë) gehad het nie. Vir doeleindes van hierdie appèl is dit nie nodig om die vorme wat 'n nie-patologiese toestand kan aanneem, te omskryf nie. Dit is ook nie nodig vir doeleindes van hierdie appèl om te beslis of 'n verweer, soos die appellant s'n, wat op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid gebaseer

is uit hoofde van 'n totale persoonlikheidsdisintegrasie van 'n tydelike aard 'n geldige verweer is nie. In die

onderhawige geval het die appellant se verweer van

/totale

12

totale sielkundige of persoonlikheidsdisintegrasie van 'n tydelike aard tydens die pleeg van die beweerde mis= daad op 'n nie-patologiese toestand betrekking sodat dit op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid slaan. Slaag 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid word daar betoog dat die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik is nie en dat hy nie aan die beweerde mis= daad skuldig bevind kan word nie. Hy moet dan on= skuldig bevind word, aldus die betoog, en kan nie tot Presidentspasieit verklaar word nie omdat hy nie aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek van 'n patologiese aard ly nie.

/Die

13

Die wetgewer hou in art 78(7) ook rekening met verminderde toerekeningsvatbaarheid waar 'n dader bevind word om ten tyde van die pleeg van die misdaad wel strafregtelik toerekeningsvatbaar te wees maar sy onderskeidingsvermoë of weerstandskrag (wilsbeheervermoë) was vanweë 'n patologiese versteuring verminder. Dit speel geen rol by die strafregtelike aanspreeklikheid nie maar dit kan wel by vonnisoplegging in aanmerking geneem word. Sien Snyman op.cit., p 178. Ons kan dit gerieflikheidshalwe statutêre verminderde toe= rekeningsvatbaarheid noem. Want dit is ook moontlik om nie-patologiese verminderde toerekeningsvatbaarheid

/te

14

te kry wat weens 'n nie-patologiese toestand die dader se onderskeidingsvermoë of weerstandskrag wilsbeheervermoë) ten tyde van die pleeg van die misdaad verminder het.

Die appellant was 23 jaar oud toe

hy die misdade gepleeg het waaraan hy skuldig bevindis. Hy was 'n 4e jaar mediese student teBloemfontein. Volgens die onbetwiste en

aanvaarde getuienis is sy intelligensie

/geniaal

15

geniaal, hy is beleefd, hy is 'n introvert en hy is emosioneel baie sensitief. Hy is baie kwesbaar vir spanning. Trouens sy spanningsverdraagsaamheids= drempel is laag. Dit is veral op die gebied van interpersoonlike verhoudings dat hy 'n ondoeltreffende vermoë het om spanning te hanteer. Volgens die psigometriesse toetse wat prof. Weyers, 'n sielkundige van Bloemfontein, op hom gedoen het, het die appellant 'n afwesigheid van gewelddadige neigings. Aan die einde van die verhoorverrigtinge het die twee psigiaters drs Zabow en Marais, wat vir die Staat en die verdediging respektiewelik getuig het, 'n verslag uitgebring in

/terme

16

terme van art 7 8 (4)(d) waarvolgens hulle bevind het dat die appellant ten tyde van die pleeg van die misdade nie aan 'n geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek gely het nie. Die effek van hierdie verslag is dat die appellant se onderskeidingsvermoë of weerstandskrag (wilsbeheervermoë) ten tyde van die pleeg van die misdade nie deur 'n patologiese versteuring aangetas is nie. Daar was derhalwe van statutêre ontoe= rekeningsvatbaarheid geen sprake nie.

Die appellant en sy toekomstige eggenote (hierna Cecilia genoem) het 'n baie intieme verhouding met mekaar gehad terwyl sy in Bloemfontein gewerk het.

/sy

17

Op 20 Maart 1982 is die appellant en Cecilia met mekaar in 'n kerk in Bloemfontein getroud maar haar vader wou haar nie na die preekstoel neem nie omdat sy nie meer 'n maagd was nie. Finansiëel het dit bra moeilik met die jong egpaar gegaan deurdat die appellant nog studeer het. Sy skoonouers het R80 per maand tot die huur van hul woonstel bygedra. Dit het vir hulle - veral die skoonmoeder - die geleentheid gebied om hulle met die appellant se huwelik in te meng. Die ver= houding tussen die appellant en sy skoonouers was

/volgens

18volgens die aanvaarde getuienis beslis nie hartlik en gelukkig nie. Die skoonouers was kil en afsydig teenoor die appellant. Hy was selfs bang vir die oorledene. Hierdie toedrag van sake het geensins verbeter na die geboorte van die appellant se seun op 24 Oktober 1982 nie. Die appellant het begin om swak met sy studies te vaar. Gedurende Februarie 1983 het sy skoonouers vir Cecilia en die kind kom haal en plaas toe geneem wat 17 km vanaf Dordrecht is. Hulle het reëlins getref om die kind te doop sonder om die appellant daarin te ken. Cecilia het daarna nie na die appellant teruggekeer nie. Sy het op 31 Maart 1983

/meerderjarig

19

meerderjarig geword. Sy het daartoe oorgegaan om 'n egskeidingsaksie teen die appellant aanhangig te maak. Omstreeks April 1984 het Cecilia begin om vir die munisipaliteit te Dordrecht te werk terwyl sy by haar ouers op die plaas woon. Ten einde hul verhouding op te bou en die kind te sien, het die appellant begin om haar by haar werk te besoek. Die appellant was egter ontsteld toe hy bemerk dat die kind van hom ver= vreemd geraak het. Hy het gevoel dat die oorledene hom as 'n vadersfiguur verdring.

Vrydag 6 Julie 1984 het die appellant vanaf Oos-Londen telefonies met Cecilia gereël om haar en

/hul.....

20

hul kind te kom haal om vir die naweek by sy ouers in

Graaff-Reinet te kuier. Sy het ingewillig. Toe die appellant egter teen skemer die plaas besoek, wou Cecilia hom nie sien of te woord staan nie. Sy het van gedagte verander en wou nie meer met hom saamgaan nie. Haar houding is aan die appellant deur sy skoonmoeder oorgedra. Laasgenoemde het hom wel toegelaat om die slapende kind in sy bedjie te sien. Sy het egter die appellant meegedeel dat dit beter sou wees dat die egskedding afgehandel word sodat vaste tye gereël kon word vir hom om die kind te sien. Die appellant het vertrek en in 'n hotel te Dordrecht oornag /Hy.....

21

Hy het daar 'n gesprek gevoer met mev Pieterse, die vrou van die hotelbestuurder, oor mediese aangeleenthede.

Saterdag 7 Julie 1984 het die appellant vanaf die polisiestasie te Dordrecht die oorledene gebel om die kind te kom haal. Die oorledene het hom meegedeel om Maandag te kom. Die appellant het dr Christiane gaan sien om te verneem of hy nie 'n deel van sy praktiese opleiding by hom kon doen nie. Dr Christiane het egter geweier. Die appellant het toe na Graaff-Reinet vertrek, 'n afstand van ongeveer 370 na 390 km vanaf Dordrecht.

/Dit.....

22

Dit is onseker of die appellant en Cecilia met mekaar telefonies in verbinding gedurende Sondag 8 Julie 1984 was.

Maandagoggend 9 Julie 1984 het die appellant vir Cecilia vanaf Graaff-Reinet gebel. Hulle het afgespreek dat hy haar en die kind om 6 nm op die plaas sou kry. Daardie middag het Cecilia en haar ouers hul prokureur te Aliwal-Noord gaan spreek waar Cecilia die advies gekry het dat sy nie saam met die appellant hoef te gaan nie en dat die kind haar sorg nodig het. Toe die appellant van Graaff-Reinet vertrek, het hy sy 7,65 mm pistool gehad met 'n pakkie van 24 patrone. Hy het die /magasyn....

23

magasyn vir 9 patrone gelaai met 1 patroon in die vuurkamer van die pistool. Hy het die vuurwapen vir sy eie veiligheid geneem omdat hy alleen ry. Hy is 'n bedrewe skut wat dikwels skyfskiet. Toe die appellant na 6 nm die plaas aandoen, het Cecilia in die teenwoordigheid van haar ouers hom meegedeel dat sy nie bereid was om saam met hom te gaan nie. Die appellant wou toe die kind neem volgens sy regs= advies maar sy skoonmoeder het daarop gewys dat volgens regsadvies wat hulle bekom het, hy die kind nie kon neem nie. Die oorledene het die appellant gevra om die huis te verlaat. Die appellant is toe weg sonder

/om

24

om 'n woord te sê. Hy is weer na dieselfde hotel te Dordrecht. Volgens mev Pieterse het dit gelyk of die appellant haar nie ken nie. Die appellant was ont= settend bleek en sy gesigsuitdrukking was baie strak gewees Hy het sy van en ander woorde verkeerd in die hotelregister gespel. Hy het nie daar geeet nie. Dit blyk dat hy twee dubbel sopies rum en een Coke koeldrank bestel het.

Die appellant het omstreeks 7.30 nm teruggekeer na die woonplaas van sy skoonouers. Hy het aan die voordeur geklop en op 'n vraag van sy skoonmoeder gesê dat hy sy kind kom haal. Sy het geantwoord dat sy hom nie die kind kon gee nie omdat dit sy moeder se

sorg nodig het. Die appellant het as gevolg van

/sy 24

om 'n woord te sê. Hy is weer na dieselfde hotel te Dordrecht. Volgens mev Pieterse het dit gelyk of die appellant haar nie ken nie. Die appellant was ont= settend bleek en sy gesigsuitdrukking was baie strak gewees Hy het sy van en ander woorde verkeerd in die hotelregister gespel. Hy het nie daar geëet nie. Dit blyk dat hy twee dubbel sopies rum en een Coke koeldrank bestel het.

/sy 25

sy geheueverlies geen duidelike herinnering van die gebeure wat

gevolg het nadat hy by die voordeur was.nie. Hy kan derhalwe geen lig werp op die tragiese gebeure wat toe gevolg het nie.

Op daardie stadium het die ligte gebrand in slaapkamers 1, 3 en 4 asook in die badkamers, die stort, die gang en die eetkamer maar nie in die studeerkamer nie. Die ligging van hierdie vertrekke kan gesien word op die plan van die woonhuis (Bewysstuk A). Die gordyne van die slaapkamers was toegetrek. Die appellant was vertrouwd met die ligging van die woonhuis se vertrekke. Die oorledene was op daardie stadium in

/slaapkamer ...

26

slaapkamer 4. Die appellant het na slaapkamer 1 gegaan waar Cecilia en die kind gewoonlik geslaap het. Hy het die glas van die vensters gebreek en vermoedelik daar sy regterduim beseer. Hy het egter vir 'n on= verklaarbare rede nie slaapkamer 1 betree nie - iets wat hy maklik kon gedoen het indien hy wou. Die appellant het toe begin om in die vertrekke te skiet wat met kort tussenposes opgehou het. Drie skote het die oorledene van voor getref. Die appellant het geskree "Gee my kind".Om tyd te wen, het sy skoon= moeder teruggeskree "Ons sal jou kind vir jou gee". Sy reaksie was "Gee my kind, ek gee nie om wie ek

/nog

27

nog doodskiet nie". Die polisie is gebel en die ligte in die huis is afgesit. Cecilia was in die badkamer en mej van Rooyen het met die kind in die stort geskuil. Daar was nog skietery. Later is in bloedmerk op die kombuisdeur se handvatsel gevind. Waarom die appellant toegang tot die woonhuis deur die kombuis kry, is nie verklaarbaar nie. Altesaam het die appellant 21 skote op die woonhuis afgevuur. Die appellant het in sy motorkar geklim en weggery. Op weg na die hoofpad het die polisie met die vangwa die woonhuis

/genader...

28

genader met sy blou flikkerlig. Die appellant se motorkar het teen 'n hoë spoed genader, om die vangwa gery, en voort beweeg na die grootpad. Die vangwa het omgedraai en hom agtervolg. Die appellant se motorkar het egter oor die grootpad geskiet en deur 'n draadheining gebars waar dit tot stilstand gekom het. Toe die vangwa agter sy motorkar stilhou, het die appellant die vangwa met sy hande in die lug genader. Die appellant het gevra dat hulle hom nie moes seermaak nie. Op 'n vraag waar sy vuurwapen is, het die appellant geantwoord voor in sy motorkar in sy baadjie toegedraai. Dit is inderdaad daar gevind

29

Die appellant is om 8.10 nm gearresteer. Die vang-wa is toe na die plaaswoning geneem. Daar het die appellant agter in die vangwa gevomeer. Hy is toe deur die polisie na die ongevalle afdeling van die hospitaal te Dordrecht geneem.

Dr Susanna Christiane het as distriksgeneesheer die appellant vanaf 10 nm tot 11 nm in die Dordrecht Hospitaal ondersoek. Sy het sy regterduim se wond geheg. Volgens haar was die appellant baie swak en kon hy nie sonder hulp staan nie. Hy was bleek en het tekens van skok gehad. Sy oriëntering van tyd en plek was sleg. Sy geheue was verward, sy gedrag parmantig. Hy was spraaksaam, half senuweeagtig

/en 30 en hy was verder traak-my-nie-agtig. Hy het glad

nie na alkohol geruik nie. Volgens haar was dit onwaarskynlik dat hy onder die invloed van drank was. (Ek mag net tussen hakies vermeld dat die uitslag van sy bloed/alkohol toets was 0,18% d.w.s. 0,18g alkohol per 100 ml bloed) . Sy het 'n voorlopige diagnose van "total psýchological disintegration" gemaak. Tydens die ondersoek het haar eggenoot dr Christiane binnegekom. Die appellant moes hom erken het want hy het vir laasgenoemde gesê "jy is die man wat nie vir my wil werk gee nie" en bygevoeg "nou het ek my fokken loopbaan opgemors".

Die oggend van Dinsdag 10 Julie 1984 was die appellant in die hospitaal slaperig toe dr Susanna Christiane hom wakker

/gemaak 31

gemaak het. Sy het hom gevra of hy weet wat hy gedoen het. Hy het ontkennend geantwoord. Sy het hom meegedeel dat hy sy skoonvader geskiet het. Hy het dit hewig ontken en begin om te huil. Hy het gesê dat hy sy hele loopbaan opgemors het. Sy het die appellant se geval telefonies met psigiater dr Russell bespreek. Die appellant was uitgeput vir welke toestand hy behandel is totdat hy op 11 Julie 1984 ontslaan is.

Dit is gemene saak dat die oorledene die aand van 9 Julie 1984 dood is as gevolg van die drie skiet= wonde in sy buik met massiewe bloeding. Volgens

/die.... 32

die forensiese verslag is aanduidings van 'n vuurwapen se ontstekingsresidu op die linkerhand van die appellant gevind. Die vraag is wat die toestand van die appellant se geestesvermoë ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade was. Het hy 'n totale sielkundige ineenstorting of persoonlikheidsdisintegrasië van 'n tydelike aard ondergaan sodat hy onwillekeurig opgetree het omdat hy nie weerstandskrag (wilsbeheervermoë) gehad het nie ? M.a.w. het hy sonder wilsbeheer ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade gehandel ?

/Adv.....

33

Adv. Erasmus het namens die appellant betoog

dat die Verhoorhof versuim het om die deskundige
getuienis van dr Zabow, dr Marais en prof Weyers be=
hoorlik te evalueer. Sodoende het die Verhoorhof
in effek hul getuienis sonder aangifte van redes
verwerp

Laat ons nou op die strekking van die drie

deskundiges se getuienis let wat dit met mekaar eens was dat totale persoonlikheidsdisintegrasië
neerkom op 'n toestand "involving continuous uncontrolled violence, apathy or eventual death".
Gewoonlik kom net een van hierdie eienskappe voor wanneer totale persoonlikheids=
disintegrasië van 'n individu onder uitermatige stres

/plaasvind

34

plaasvind. Hulle was dit verder eens dat kontinuum 'n vlak is vanaf waar 'n individu ten volle
bewus is wat aangaan totdat hy onbewus is van wat om hom aangaan deurdat totale
persoonlikheidsdisintegrasië bereik word terwyl daar verskeie pieke op hierdie kontinuum kan
wees. Dit kom neer op 'n kwessie van graad totdat totale persoonlikheidsdisintegrasië bereik
word. Volgens dr Zabow het die appellant in die omstandighede van die onderhawige geval nie
totale persoonlikheidsdisintegrasië bereik nie. Volgens hom was die appellant nie ontoue=
rekeningsvatbaar nie maar verminderd toerekeningsvatbaar. Prof Weyers kon nie sê dat
definitiewe totale persoonlik=

/heids

35

heidsdisintegrasië plaasgevind het nie maar hy vermoed dit {Band 5 p 511}. Hy meen dat die
appellant die stadium van "stupor" in die vangwa bereik het (Band 5 p 532). Volgens dr Marais het
die appellant die aand by die voordeur van die woonhuis reeds totale
persoonlikheidsdisintegrasië bereik (Band 6 pp 583, 587, 591, 597, 603) wat voortgeduur het totdat
hy die hospitaal verlaat het en sy herstelproses geleidelik begin het (Band 6 p 587-588). Volgens
hom was die appellant dan die betrokke aand ontoerekeningsvatbaar weens totale
persoonlikheidsdisintegrasië.

Dit moet in gedagte gehou word dat psigiatrisie

/getuienis ...

36

getuienis oor 'n beskuldigde se geestesongesteldheid of

geestesgebrek in die vorm van 'n patologiese versteuring ten tyde van die pleeg van 'n misdaad waar dit handel oor statutêre ontoerekeningsvatbaarheid 'n onmisbare funksie vervul om 'n hof behulpzaam te wees met sy beslissing waar paneel van psigiaters 'n ondersoek ingevolge art 79 gedoen het en 'n verslag ingevolge art 79(4)(d) uitgebring het. Art 78(3) magtig die hof waar sodanige bevinding eenparig is en nie bestry word nie om die aangeleentheid aan die hand van die verslag sonder die aanhoor van verdere getuienis te beslis. In so 'n geval laat 'n hof hom lei deur die eenparige bevinding van die paneel van psigiaters.

/Dog....

37

Dog waar die bevinding nie eenparig is nie, of waar dit bestry word, moet die hof ingevolge art 78(4) die aangeleentheid na die aanhoor van getuienis beslis. In so 'n geval is dit wenslik om rekening te hou met die volgende dictum van OGILVIE THOMPSON AR in R v Harris, 1965(2) SA 340 (A) op p 365 B-C :

„- - it must be borne in mind that - - in the ultimate analysis, the crucial issue of appellant's criminal responsibility for his actions at the relevant time is a matter to be determined, not by the psychiatrists, but by the Court itself. In determining that issue the Court - initially the trial Court; and, on appeal, this Court - must of necessity have regard not only to the expert medical evidence but also to all the other facts of the case, including the

/reliability ..

38

reliability of appellant as a witness and the nature of his proved actions throughout the relevant period."

Hierdie dictum is ook in die onderhawige geval toepaslik waar dit handel oor die vraag of die appellant ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade tydelik nie-patologiese ontoerekeningsvatbaar was. Aangesien dit hier oor 'n nie-patologiese toestand van die appellant ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade handel, het die psigiatryse en psigologiese getuienis nie so 'n onmisbare funksie vervul nie omdat die Verhoorhof aan die hand van die aanvaarde feite self in staat was om die omskrywing van die

/begrip

39

begrip totale persoonlikheidsdisintegrasië daarop toe te pas en dan tot 'n bevinding te raak of die appellant nie-patologies ontoerekeningsvatbaar of slegs nie-patologies verminderd toerekeningsvatbaar was. Die Verhoorhof het laasgenoemde bevind deur na die objek-tiewe beeld van die aanvaarde feite te kyk met spesiale verwysing na die volgende negatiewe faktore wat te samegeneem is :

„{1) That the accused specifically went to the room in which he knew that the child was likely to be found.

(2) That he broke the window there.

(3) That he shot the deceased three times there, not just once but three times

/(4) That 40

(4) That he fired shots into the next bedroom, that is bedroom no. 3.

(5) That he fired shots into bedroom No.4, which was the deceased's bedroom and also that of Mrs van Rooyen and again here the shots were fired into and at the bed.

(6) Then at some stage an attempt was made to gain entry into the house at the backdoor.

(7) Shots were also fired into what was referred to as a "studeerkamer". {Dit is gemene saak dat dit "sonkamer" i.p.v. "studeerkamer" moet wees).

(8) During the firing there would have had

to have been at least two occasions when the firearm was reloaded, and

(9) There was then the shouting of the words

/"Gee

41 "Gee my die kind, ek gee nie om wie ek nog doodskiet" which words clearly indicate, that the accused appreciated what he was doing."

Die Verhoorhof het hiertoe bygevoeg die faktor dat die appellant in staat was om met sy motorkar die plaaswoning te verlaat. Hy het besef dat die vangwa agter hom op die plaaspad was. Die appellant was in staat om die polisie te sê waar sy vuurwapen was. Ofskoon die appellant se optrede irrasioneel was en nie in ooreenstemming met sy gewone persoonlikheid was nie, het hy wel willekeurig opgetree omdat hy onderskeidingsvermoë en weerstandskrag (wilsbeheervermoë) gehad het sodat hy nie ontoerekeningsvatbaar was nie maar wel

/verminderd

42

verminderd toerekeningsvatbaar. Na my oordeel het die Verhoorhof tereg tot hierdie bevinding op die bewese feite bo redelike twyfel geraak. Die Verhoorhof het ook geen mistasting begaan nie. Die Verhoorhof het derhalwe na my oordeel nie fouteer orn die appellant skuldig te bevind op aanklagte 1, 2, 3 en 4 nie. Wat aanklag 5 (poging tot moord op sy kind) betref, is ek egter van oordeel dat die Staat nie bo redelike twyfel wys het dat die appellant die nodige subjektiewe opset in die vorm van dolus eventualis gehad het om sy kind te dood nie veral waar die hele doel van sy besoek daardie aand by die plaaswoning was om sy kind te kom haal.

/Adv....

43

Adv. Redpath het namens die Staat dan ook, tereg na my mening, nie die skuldigbevinding op aanklag 5 gesteun nie.

Adv. Redpath het 'n sterk argument gelewer dat

die bewyslas op die appellant rus om sy nie-patologiese ontoerekenings=

vatbaarheid te bewys. Gelet egter op die omstandigheid dat dit bo redelike twyfel in die onderhawige geval blyk dat die appellant nie ontoerekeningsvatbaar was tydens die pleeg van die misdade vermeld in aanklagte 1, 2, 3 en 4 nie, ag ek dit nie nodig om te beslis of die bewyslas oor nie-patologiese ontoerekeningvatbaarheid op die appellant of op die Staat rus nie.

/Wat

44

Wat vonnisoplegging betref, is een van die uitstaande faktore dat die appellant gewis aan geweldige stres blootgestel is, wat hoofsaaklik aan die optrede van sy skoonouers en sy vrou Cecilia toe te skryf is, toe hy die misdade gepleeg het, Wat die kumulatiewe effek van die opgelegde vonnisse betref, is ek oortuig dat 'n gepaste vonnis op aanklag 1 6 jaar gevangenisstraf is waarvan die helfte voorwaardelik vir 5 jaar opgeskort word terwyl die vonnisse van 1 jaar gevangenisstraf elk op aanklagte 2, 3 en 4 daarmee saamlopend is. Sodanige vonnis verskil

aanmerklik van die opgelegde vonnisse sodat hierdie Hof bevoeg en verplig is om in te gryp.

/Die

45

Die resultaat is dan soos volg:

1. Die appèl slaag teen die skuldigbevinding op aanklag 5 en die opgelegde vonnis van 1 jaar gevangenisstraf.

En hierdie skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel

2. Die appèl word van die hand gewys wat die skuldig= bevindinge op aanklagte 1, 2, 3 en 4 betref. 3. Die appèl slaag tot die mate dat die vonnisse deur die HOF a quo op aanklagte 1, 2, 3 en 4 opgelê deur die volgende vonnisse vervang word:

- (i) Op aanklag 1 6 jaar gevangenisstraf waarvan

helfte vir 'n tydperk van 5 jaar opgeskort word op voorwaarde dat die appellant gedurende die tydperk van opskorting nie skuldig bevind word

/aan

46

aan 'n misdaad waarvan geweld teen 'n persoon

'n element is nie en ten opsigte waarvan

vangenisstraf sonder die keuse van 'n boete

opgelê word.

- (ii) Op aanklagte 2,3 en 4 elk 1 jaar gevangenisstraf

wat saamloop met die vonnis op aanklag 1.

C.P. Joubert AR

BOTHA AR)

NESTADT AR) Stem saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1987/122.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-laubscher-unknown-topic-asca-1987>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria